



BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

AUGUSTUS 2014 Nr 45

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Hoop – die brandstof van die bediening

Ray Johnstone skryf onlangs oor die waarde van en die verskil wat *hoop* in sy bediening gemaak het. Hy noem dit die brandstof van die bediening. Hierdie brandstof gee die dominee, die gemeente veral innovasie en kreatiwiteit. Die energie wat dit soms so nodig het.

Hy wys terloops op situasies wat 'n mens se energie steel. Wanneer hy vermoed daar is klagtes oor aspekte wat spesifieke taakgroepe in die gemeente raak, vra hy 'n verteenwoordiger om saam met hom die lidmate te ontmoet. Só is hy nie die oplossing vir die probleem nie, maar is dit 'n gedeelde saak wat spoedig opgelos kan word.

'n Bediening van *hoop* vra 'n energieke bedienaar. Daarom is die waarde van gereelde verlof neem, ononderhandelbaar. Ek weet nie waar die gebruik vandaan kom om verlof op te hoop nie (ek dink daar was 'n kultuur van spaar ten alle koste – deur ons ouers, kerkrade en dat om verlof te spaar, 'n deug is!). Die getal verlofdae per jaar behoort 'n mikpunt te wees – hoe naby kan ek kom om al my verlof te gebruik? Die randwaarde van die verlofdae weeg helaas nie op teen die kwaliteit van 'n bediening indien ek gereeld verlof neem nie.

'n Bediening van *hoop* is ook 'n bediening waar die verwagtings hoog is. Hoog vir myself, die personeel by die kerk en die gemeentede se geestelike lewe. Die besigheidswêreld leef met die verwagting dat die onmoontlike, moontlik is. Ons kry op die ou end slegs dit wat ons verwag en as dit laag is, moet ons nie kla as ons drome vir die gemeente nie waar word nie.

Vir my het dit ook nog altyd gehelp om vrae te vra en Ray Johnstone verwys ook daarna: *Is ons op die regte pad, waar moet ons oor 'n jaar wees, wat het van my drome vir die gemeente geword, asook vir my bediening? Is ek die een wat die mees opgewonde oor Christus is, Sy werk, asook ons voortsetting en voleinding daarvan?*

Hoop is aansteeklik, dit inspireer, gee energie en ook nuwe planne!

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...

Gerhard Botha



VBO-VOETPAD

KURSUS IN BEDIENINGSVERNUWING 2014:

VBO-punte: 20 per module

Registrasie vir Module 2 is nou oop.

SMS D25674, u naam en e-posadres na 31029

Sodra ons u naam ontvang het, stuur ons vir u die registrasiebesonderhede.

Module 2: Aanbieder: Prof Kobus Schoeman

15 – 17 Sept Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?

20 AUGUSTUS 2014:

Tema: *Reading our context, responding with ministerial practise and ecclesiological thinking.*

Aanbieder: Henk van den Bosch

Plek: Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein

VBO-punte: 5

Registrasie: SMS D49256 en u naam na 31029

25 AUGUSTUS 2014:

Tema: Bediening te midde van geweld, misdaad en moord.

Aanbieder: Dr Anette Prins

Plek: Petrus Steyn

VBO-punte: 5

Registrasie: SMS D14952 en u naam na 31029

WOENSDAG 3 SEPTEMBER 2014: DR RICHARD BLACKABY IN BLOEMFONTEIN

Tema: *Spiritual Leadership*

Plek: NG Gemeente Pellissier - Vlakfonteinlaan 6, Pellissier

Tyd: 10:30 – 15:30

Koste: R150pp - betaalbaar by Pellissier

VBO-punte: 5

Registrasie: SMS D26166, u naam en e-posadres na 31029

22 SEPTEMBER 2014: Kategese: Die *Smartie*boksie van die kerk

Aanbieder sal nog bekend gemaak word.

Plek: Bloemfontein

VBO-punte: 5

Registrasie: SMS D57282 en u naam na 31029

1 – 3 OKTOBER 2014: FRESH EXPRESSIONS

Sameroeper: Nico Mostert

Plek: Bergville

VBO-punte: 20

Verdere inligting sal later bekend gemaak word.



Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.